



# Noah's Ark Independent Primary School

Subject: Afrikaans	Examiner: Smith, M
Type: Mid-Year Exam	Moderator: Teles, K
Date: 23 June 2021	Grade: 4-___
Marks: 70 Marks	Time: 90 minutes

Naam: \_\_\_\_\_

## Instruksies:

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk



Josef was die jongste in die familie. Die feit is dat hy nege jaar na sy suster, Marie, gebore is, met die gevolg dat Josef 'n bietjie bederf was. Hy het gewoonnd daaraan geraak om altyd sy eie sin te kry, en kon hom soms sleg gedra. Nogtans kon hy die meeste van die tyd 'n kalm, sonnige klein seuntjie wees.

Toe eendag het die televisie gebreek. Dit het nie meer 'n prent gewys nie, net dowwe lyne. Josef was lief vir die televisie, meer as enige iets

. Elke middag het hy vir ure lank na die kinderprogramme gekyk, en omdat dit hom uit hulle pad gehou het, het sy ouers dit toegelaat. Toe die televisie breek het Josef nie geweet wat om met sy tyd te doen nie.

"Ek is verveeld!" het hy gehuil. "Ek het niks om te doen nie!"

"Teken 'n prentjie vir my," het sy ma voorgestel.

"Help my om die motor te was," het sy pa gesê.

"Kom en doen 'n legkaart," het sy suster, Marie gesê.

"Ek sal jou neem vir 'n uitstappie op my fiets," het sy broer, Stefan, aangebied.

"Ek willie! Ek wil net T.V. kyk! Ek wil T.V. kyk!" het Josef gewoed, en homself op die vloer neergegooi en die stoel geskop. "Ek wil T.V. kyk!"

1. Hoeveel kinders in hierdie familie? (1)

-----

2. Hoekom was Josef bederf? (2)

-----

-----

3. Hoe het Josef homself gewoonlik gedra? (2)

-----

-----

4. Wat was Josef se beste aktiwiteit? (2)

-----

-----

5. Hoe het hy gereageer toe die televisie gebreek het? (2)

-----

-----

6. Wat het die familie gedoen toe Josef gekla het dat hy verveeld was? Skryf net een sin. (2)

-----

-----

7. "Willie" is sleng vir watter twee woorde? (2)

-----

8. Wat dink jy is die oplossing tot hierdie problem? (2)

-----  
-----

\_\_\_\_\_ / 15 Punte (Afdeling A)

Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

Vraag 1 : Verander die sinne hieronder na vrae. Maak gebruik van die volgende vraende voornaamwoorde. Wie en Wat (5)

a. Jaco het die laaste koekie geëet

-----

b. Die koeie is in die veld

-----

c. Mvuyo drink die koeldrank op.

-----

d. Sam help vir Juffrou.

-----

e. Die geld is in die kas.

-----

Vraag 2 Voltooi die sinne met die voorsetsels in die raampie. (6)

teen	op	met	na	van	langs
------	----	-----	----	-----	-------

- a. Sy hou baie \_\_\_\_\_ perde.
- b. Ana kyk \_\_\_\_\_ die sterre.
- c. Hans speel \_\_\_\_\_ sy hond.
- d. Die kat spring \_\_\_\_\_ die bed.
- e. Hy staan \_\_\_\_\_ die muur.
- f. Gert staan \_\_\_\_\_ Willem.

Vraag 3

Onderstreep die byvoeglike naamwoorde in die sinne. (5)

1. Die wilde kat klim op die dak
2. Lans dra 'n rooi rok.
3. Die blomme lyk pragtig.
4. Die stoute seun is weer in die moeilikheid.
5. Mamma kook altyd gesonde kos.

Vraag 4

Trappe Van Vergelyking (4)

sterk		sterkste
kort		
groot		grootste

\_\_\_\_\_ / 20 Punte (Afdeling B)



## Rubriek

Maak gebruik van kopkaart	3	
Hervertel gebeurtenis in volgorde	3	
Spelfoute (1/2 punt vir elke fout)	2	
Gebruik van Engels (1/2 punt per fout)	3	
Bly by die onderwerp	4	
Totaal	15	

## Afdeling D: Luister en Praat

### Gedig

## Rubriek

Woorde korrek uitgespreek	5	
Vlot ge lees	5	
Met intonasie ge lees	5	
Gebruik leestekens	5	
Totaal	20	

## Bruin Uil

Danie en Sannie loop skool toe. Hulle loop verby 'n groot tuin. "Kyk!" sê Danie. "Kyk na die voël in die boom! Daar! In die tuin."

Sannie kyk in die boom. "Ek dink dis 'n uil," sê Sannie. " 'n Bruin uil."

"Ja, dit is 'n uil. Wat doen hy?" vra Danie. "Eet hy iets?"

"Hy eet 'n muis! Ag, sies!" skree Sannie. Sy draai om en begin wegloop.

Toe lui die skoolklok en die kinders kyk na mekaar.

"Luister!" sê Sannie. "Dis die skoolklok. Luister! Kom, Danie, ons is laat vir skool!"

"Ek gee nie om nie," sê Danie. "Ons het 'n bruin uil wat 'n muis eet gesien. Ek gee nie om as ons laat is nie."



\_\_\_\_\_ / 20 Punte (Afdeling D)